# GEREFORMEERDE APOLOGETIEK

# SY TAAK EN TERREIN

*deur*

**prof. dr. S. P. van der WALT**

**Herdruk uit „Koers" Augustus 1955 Deel XXXIII, No. I.**

# GEREFORMEERDE APOLOGETIEK
# SY TAAK EN TERREIN.

(Inougurele Rede gehou by die aanvaarding van die professoraat in die Apologetiek en die Teol. Etiek aan die P.U. vir C.H.O., op 18 Maart 1955, deur prof. dr. S. P. van der Walt).

Die feit dat dit nog nodig is om te skryf oor die taak en terrein van die Gereformeerde Apologetiek en enigsins 'n apologie vir die apologetiek te gee, moet vreemd aandoen. Het Bavinck nie al geskryf dat „Apologie is niets nieuws, maar is zoo oud als de openbaring zelve"?[1]. Meer nog. Van Christus skryf hierdie dogmaticus „zijn leer en leven was één doorlopend getuigenis en tegelijk ééne machtige apologie".[2] Dit skyn byna asof Bavinck hom op die standpunt stel van A. B. Bruce wat Apologetiek definieer as „Christianity defensively stated". Hier word alles apologetiek, al na gelang die inkleding van ons stellings. Ons sou op so'n standpunt kon beweer dat die Christendom dogmaties, eksegeties, eties, ens., gestel kan word.

Nou skyn dit tog dat die deugdelike reg van hierdie wetenskap selfs in die jongste tyd nog betwyfel word. In 'n waarderende resensie van 'n proefskrif van dr. F. Burger wat gehandel het oor **Karl Heim als Apologeet** laat dr. Brillenburg Wurth hom soos volg uit: „Want de apologetiek, die in de vorige eeuw zo sterk bij velen de belangstelling trok, is nu niet bijzonder meer ‚en vogue'." Voortgaande laat dr. Wurth twee gevare vir elke apologetiek duidelik na vore kom, waarteen niemand enige opmerking sal durf maak nie, maar hierop volg dan 'n konklusie wat tog ongeregverdigd voorkom. Ons siteer: „Wanneer men het christelijk geloof wetenschappelijk gaat pogen te verdedigen, loopt men licht de kans te komen tot een aanpassing, die feitelijk op reductie neerkomt of anders te vervallen tot een goedkope harmonistiek, die noch naar de zijde van het geloof noch naar die der wetenschap bevredigt. Naar beide zijden heeft de apologetiek zich in het verleden voor en na telkens misgaan, wat ten gevolge heeft gehad, dat steeds meerderen vrij argwanend tegenover haar zijn komen te staan en voor een herleving ervan in onze tijd niet bepaald enthousiast zijn".[3]

---

1. H. Bavinck: Geref. Dogmatiek I, p. 473.
2. ditto.
3. Br-W.: Art. in Geref. Weekblad, 3 Des. 1954 „Karl Heim als apologeet".

By Heim het ons tog met 'n bepaalde beoefening van die Apologetiek te doen, wat sekerlik nie in die smaak val nie en wel seker verdienstelik kan wees, maar wat tog eers alles ontneem, vraagtekens oral plaas, en dan vanuit 'n relatiwistiese wêreldbeeld tot 'n geloofswêreldbeeld wil kom. Moet ons dan nie die gebrek aan entoesiasme vir die Apologetiek wyt aan die wyse waarop dit beoefen word nie? Dit was tog immers in die verlede ook al die geval. Dink aan die onvrugbare apologetiek van Van Oosterzee wat eintlik veel meer prysgee as wat gewin kan word, wat veel meer 'n swak ireniese karakter aanneem en daardeur beginsel-bolwerke prysgee.

Aan die ander kant kan die Apologetiek ook verlei word, mede as gevolg daarvan dat die beoefening van hierdie wetenskap so lank verwaarloos geword is, om so pronklyf te paradeer as dié teologiese wetenskap, wat eintlik dié taak in die opkomende religieuse sisteme sal hê om te verrig. Hoe verder die verloop van die geskiedenis sal wees, des te meer sal die afvalligheid in die sistematiek aangetref word. Slegs 'n gelowige aanvaarding van die Heilige Skrif se profetiese woorde oor die toekoms is nodig om die al wyer uitdyende taak te oorsien. Die Skrif spreek van die **laaste dae,** 'n begrip wat nie slegs 'n tydsaanduiding is nie, maar daardie tydsbepaling vul met 'n bonte skakering van afvallighede waarteen die gelowiges gewaarsku word. Hierdie waarskuwing dien dan nie slegs om te vermaan om nie daaraan deel te neem nie, maar ook om hulleself en medegelowiges te wapen. Immers dit sal tog nie baat om slegs te weet dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom nie (2 Tim. 3: 1) en „want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels". (2 Tim. 4: 3, 4). Dit is nie verniet dat die apostel Paulus aan hierdie laaste uitspraak en ook telkens in sy briewe 'n dringende, kompakte vermaning aan die gelowiges gee nie: „Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering". (2 Tim. 4: 1, 2). Dit is tog duidelik dat Timotheus 'n roeping het om die kerk voor te berei vir die kwaaie dag. Geleidelik, dag vir dag, moet die gelowiges en die kerk as geheel gewapen word, nie net met die spesifieke wapens teen alle vorme van dwaalleer, valsheid in die dogmatiese uitkyk nie, maar ook met die geweldige wapenrusting van die geloof. Dit moet veral beklemtoon word. Die Skrif spreek ook van die afvalligheid van die geloof in die laaste dae (1 Tim. 4: 1). Nou kan dit wel nie verhoed word nie, maar die beslissing

moet welbewus geneem word, anders sou die bloed van die hand van die kerk en sy leraars geëis word. . Die belangrikste egter is dat die belydende gelowiges eintlik dié magtigste apologetiese wapen is. Dit is hier waar die skerppuntigheid van welke aanvallende spies ook, stomp is; dit is hier waar die afvallige en valse gekonfronteer word met die aanvaarde en ware; dit is hier waar die moedelose einde van alle goedgemikte bomme van die kant van die ongeloof nie ontplof om die wêreld te skud nie, maar plomp neerval sonder die minste geraas of ontploffingskrag. Die gemeente van Christus, die gelowige kinders van God, het nie almal gespesialiseerde wapentuig nodig om ten volle op hoogte te wees van alle aweregse menslike vindinge nie. Dit wat geen mens aan hulle kan gee nie, het God sy kinders mee begiftig: die onwankelbare geloof, wat deur sy Gees in stand gehou word.

Ons het hierdie paragraaf begin met die welgemeende vermaning dat die Apologetiek nie verlei moet word om alles te probeer doen nie, en gepoog om aan u die verleiding te skets. Hierdie gevaar is nie denkbeeldig nie. As daar een gevaar vir enige wetenskap is wat hom steriel maak, dan is dit juis hierdie. Waarskuwingssignale was daar vir die Apologetiek alreeds genoeg. Telkens verneem ons, veral van die kant van dogmatici, van die groot gevaar as hierdie wetenskap hom 'n tetiese taak toeëien, terwyl van vroeg her aan hom slegs 'n antitetiese roeping toegesê is.[4] Dit is veelseggend, veral omdat die Gereformeerde literatuur wat oor hierdie wetenskap handel uiters karig is en die wyse van weergawe uiters kort en saaklik is. Desnietemin sou 'n apologetiese uitkyk oor die Skrif en oor die Teologie nie slegs 'n eensydige, maar ook 'n valse wees. Tog moet ook dit hierby gevoeg word, dat daar dikwels persone is wat met 'n snoeimes in die apologetiese vrugtetuin rondgaan, maar die gevaar bestaan dat die snoeimes naderhand ook die lewenskrag heeltemal kan afsny en dat so'n beperkte terrein oorbly dat dit die moeite van navorsing op hierdie gebied nie sal loon nie.

Ons wil wys op 'n derde gevaar en put ook hier weer uit die Timotheusbrief (1 Tim. 6: 3-5). Hier word die gevaar van twisgierigheid genoem, waaruit 'n nuttelose stryery ontstaan. . Juis as die Apologetiek die duidelike standpunt van die Gereformeerde moet stel teenoor die afvallige, die quasi-christelike of die van die medestrydgenoot, ontstaan die gevaar van hierdie woordklowery, hierdie onvrugbare mening dat

4. Vgl. Kuyper: **Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid** en Hepp: **Geref. Apologetiek.**

slegs die eie standpunt regverdigbaar is. Eksklusiwiteit is vir enige wetenskap dodend, verarmend en lewenskragontnemend, al namate hoe eksklusief so'n wetenskap is. Die wonderlike is daarby dat slegs in die kringe waar een rigting in die wetenskap hom verhef bo elke ander, dat daar juis die vorm van onvrugbaarheid voorkom. Vir elke wetenskap geld ook die eis: die een moet die ander uitnemender ag as homself. Herman Bavinck was so'n waarderende persoon vir die standpunt van welke teëstander ook al. Sy standpunt het hy soos volg geformuleer: „Daar is geen heide zoo dor . . . . of men vindt er nog wel eene goede plant. Bij de rechtzinnigen zie ik op het onkruid, bij de dwalenden op de zaden van het goede; overal vind ik van het een en het ander. De waarheid is overal verspreid en niemand bezit ze geheel".[5]

Sekerlik was Bavinck geen eklektisis nie. Ons hoop om later in hierdie stuk by die bespreking van die metodes waarskuwend ook hieroor wat te sê.

Wat die taak en terrein betref, wil ons hiermee volstaan omdat ons die nadruk wou lê op die feit dat die wyse van beoefening van die Apologetiek die grondbeswaar is waarteen wetenskaplikes opgekom het.

Teenoor die gevare wat die wyse van beoefening meebring en hierdie wetenskap onpopulêr kan maak, wil ons hier stel die dringende noodsaak vir apologetiese werksaamheid juis in die huidige tydsgewrig. Dit is duidelik dat 'n geweldige krisis geleidelik ontplooi. . Dit is ook geen wonder nie. Die wêreld en die mens kan nie dieselfde bly na al die naamlose leed en ellende wat deurgemaak word in 'n kort menseleeftyd nie. Na 'n tweede wêreldoorlog en 'n toestand waarin daar eintlik nooit vrede is nie; na die ontsluiering van die tot nog toe verborge kragte van die natuur, het ons die polêre teëstelling waarin die wetenskappe vandag voortbeweeg: die kortstondigheid van die menslike bestaan en die gevaarvolle waaghalsigheid waartoe die mens in staat is. Vandaar dat daar vandag eintlik 'n nuwe taal gehoor word. Heel onlangs is die menslike geslagte gekatalogiseer en gerubriseer soos vandag eintlik gebruiklik deur aanwending van die getal: daar is gespreek van die **vierde mens.**[6] Vanaf die antieke mens tot vandag is drie stadia al deurloop en die vierde mens is eintlik die produk van die tweede helfte van die twintigste eeu, wat ontpersoonlik is, postchristelik. Hy is die vermoeide reisiger na nêrens wat eintlik ook geen pad het om te bewandel nie, geen beginsel om oor bekommerd te wees nie.

---

5. Geref. Dogmatiek I.
6. Prof. Hoekendyk in Wending: Rondom het Apostolaat.

Eintlik is die tragiese nie die oorlogstoestande waarin ons vasgevat was en word nie, maar dat die mens hom aanpas by sodanige toestande. Aanpassing—daardie gawe wat God aan die mens gegee het—is nie altyd 'n seën nie. Aanpassing by slawerny dood die gees en die opkoms van die eksistensie-wysbegeerte is slegs een van die tekens des tyds. Voorwaar die vader van die eksistensiefilosofie tipeer aan ons nie maar 'n bestaan nie, maar 'n tragiese bestaan. „It is the situation of man without God".[7]

Hepp beskou die vernaamste trek van die twintigste eeu dat hy karakterloos is en dus oorvol sinkretistiese en eklektisistiese elemente.[8] Berkouwer lê die vinger op verskeie trekke. In 1947 noem hy in 'n rede voor die derde Amerikaanse Calvinistiese kongres die mees tipiese eienskappe humanisme en antihumanisme.[9] 'n Mens sou kon voortgaan om die onderskeidende terme te vermenigvuldig, maar daardeur word die saak nie beter nie. Naas die rasionele het opgekom die irrasionele. Die vitalisme het die weg voorberei vir die meer toegespitste en gespesialiseerde eksistensialisme. Die onverskillige fatalisme is eintlik uitgeban deur die nasionaal-sosialisme, wat hoogmoediglik beweer het: ons skep ons eie noodlot. Daar is één eienaardige trek by al hierdie sisteme, al hierdie opvattings: dit is die verhouding van die mens tot God. Dt is werklik nie dat die mens sonder God is nie, Godloos. As Berkouwer beweer dat antihumanisme gesien kan word in die prentjie wat die apostel Paulus skilder in 2 Tim. 3: 2-5 „Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars . . . . ." en humanisme tipeer as die outonomie van die mens sonder God, is dit misleidend.[10] Want in albei gevalle is daar wel 'n God en dit is die mens self, vir homself.

Myns insiens het ons hier juis die belangrikste saak waarom die noodsaaklikheid vir 'n Gereformeerde apologetiek beklemtoon moet word. Berkouwer het in 'n artikelreeks in Gereformeerd Weekblad daarop gewys. Ons wil dit kenskets as relatiwisme. Dit is ten diepste 'n verhouding tot God en wat dan openbaar word in alles rondom ons heen. Dit is die vaagheid, onbegrensdheid, onduidelikheid wat hier gehuldig word. Alles is betreklik en niks is absoluut, eksklusief nie. Miskien is dit die grootste

---

7. Berkouwer: **Calvinism and Humanism in Calvinism in times of Crisis, p. 63.**
8. Hepp: Gereformeerde Apologetiek, p. 7.
9. Berkouwer a.w., p. 64.
10. Berkouwer: a.w., p. 74.

euwele nalatenskap wat die eeu van materialisme en positiwisme, van ewolusionisme en meganisme ons gegee het. Ons leef in die naweë van 'n mensheid van wie die grootste ontneem is: sy God. En nou staan hy dakloos, wagterloos, vaderloos en in sy weesskap hoor u hom antwoord op die wekroep: wees beginselvas! Dit is beginseldrywery. Inderdaad het dit wetenskaplik geword om nie prinsipeel te dink nie. In 'n eeu van ewolusionisme het ons tog vergelykende denke omdat van gelykagtigheid tot gelykheid besluit moet word. Vandaar dat ons beweer dat ons nou leef met die erfenis wat ons arm laat. Die protes teen alle ewige dinge op grond van onredelikheid, juis omdat ewige dinge ook nie kan ontwikkel nie en alle ontwikkeling net in die tyd kan plaasvind, het 'n dieper inslag as wat ons dink. Dit het ons in elk geval geskok en ons op die verkeerde voet geplaas. Want wat was die eerste reaksie? Ons wou die redelikheid van ons eie standpunt verdedig en bewys. Die rede moet uitgaan van die gekende om te kom tot die onbekende, moet langs diskursiewe weg al vergelykende tot 'n konklusie geraak. Dit is U seker duidelik dat dit 'n fatale weg is en een wat die oorsaak van groot twyfelmoedigheid was. Die eksaktheid van die materialisme en positiwisme het ons verlei om ook dwingende krag van die redebewyse te soek. En tog: as iets enig is, is dit onvergelykbaar met iets anders. Ons het dus geen ankerpunte vir die rede nie. Tereg het Bavinck betoog dat die beginsels juis vóór die rede is, vóór die bewussyn en juis die grond vir die bewyse. Die enigste weg waarop ons hier kan gaan is die weg van die geloof, die weg van Gods openbaring.

Ons het aan U die gevare vir die Apologetiek voorgehou waarin hy verseil kan raak.

Ons het ten tweede die noodsaaklikheid voorgehou dat die Gereformeerde Apologetiek 'n duidelike en groot taak het wat hy moet volbring kragtens sy eie geloofsbeginsel.

U moet my nou vergun om enige gedagtes in u midde te lê oor die taak en terrein waarop die Gereformeerde Apologetiek hom moet beweeg.

Om hiertoe te kom wil ek in kort die wyse aangee waarop die apologetiese metode gehanteer is in die loop van die geskiedenis.

Volgens Bavinck moet ons hier eintlik begin met die koms van Christus op aarde. Christus het aan die belydenis getrou gebly deur Hom op die Skrifte te beroep, uit die omgang van God met sy volk te put.[11] Na Christus tree sy apostels op. Die Christendom het nie in 'n

---

11. Geref. Dogm. I, 473.

lugleë ruimte ontstaan nie en was nie toegelaat om eers 'n sterk plantjie te word voordat aandag aan hom gegee is nie. Seeberg sê dat sowel Rome as Jerusalem op wêreldheerskappy gemik het:[12] Rome met die allesonderwerpende staatsgedagte, Jerusalem wat die gloriedag verwerklik wou sien deur verlossing en vrymaking in 'n geestelike daad. Jerusalem het oorwin, sowel uiterlik as innerlik, maar het Rome nie verslaaf nie, maar laat deel in die glorie van die nuwe Jerusalem.

Dit skyn tog asof die swaardmag nie die moeilikste vyand is nie, omdat hierdie vyand sigbaar aanstorm op die poorte van die stad van God. Die inwendige verval veroorsaak eintlik altyd die oorgawe van die stad (Jes. 30: 13). Met die opkoms van die Fariseïsme in die Makkabeër-tydperk het ons wel 'n behoudende maar tegelyk ook isolerende krag. Teenoor hulle staan die vrysinnige Sadduseërs wat kensketsend van hul verbintenisse ook Herodiane genoem word. Die ontstaan van Joodse Hellenisme onder die Alexandrynse Jode met Philo as filosoof, gee geensins 'n sterk getuienis van die selfbehoudende krag van Israel se godsdiens by aanraking met die heidendom nie.

Daarom kan ons begryp dat hierdie vyande veel bitterder was vir die Christendom as enige mag van Rome. Christus se optrede was „tegelyk éene machtige apologie."[13] Sy apostels se preke getuig dat dit nie gelewer is in 'n gemeenskap wat slegs in die geloof gesterk moes word nie, maar waarin die evangelie soos 'n puntige swaard pynlik moes inskeur (Hand. 2: 37). Paulus se grootste stryd was nie teen die heidendom nie, maar wel teen die Judaïste. Hierdie apostel tree op teen elkeen wat hom belemmer in die uitvoering van sy taak, kom selfs teenoor Petrus te staan (Gal. 2: 14) en om suiwerheid te verkry oor 'n eersterangse leerstellige probleem, vergader die eerste apostelkonvent in Jerusalem (Hand. 15). Paulus was waarlik die medoënlose as dit gaan om Christus. Met bekwame pen bestry hy die Fariseërs en alle Judaïste in verskeie sendbriewe, en die wyse waarop hy dit doen is tekenend. Hy voer elke leerstelling tot konsekwensie. Die Fariseër wat die wet van Moses wil handhaaf, vind by Paulus geen teëstander nie. Maar Paulus ontdek elke soort Fariseïsme: dit gaan nie om die tempel of godsdienstige feeste nie, maar dit gaan teen Christus. Soos so dikwels, kom die anti-gestalte uit in die pro-bedrywighede. Pro-Moses word anti-Christus.

In die tweede eeu n.C. stoot twee wêrelde teen mekaar, waarby daar van geen kompromie sprake is nie, juis omdat albei religieus gefundeerd

---

12. **Lehrbuch der Dogmengeschichte I, p. 68.**
13. **Bavinck: Geref. Dogm. I, 473.**

is: dit is die ware en die valse religie. Nou kom na vore die manne bekend in die kerkgeskiedenis as die Apologete, wat die waarhede waarop die Christendom rus eksponeer. Bavinck sê van hulle dat hulle in hul geskrifte reeds al die argumente aangevoer het wat later breër uitgewerk en meer gesistematiseerd nog steeds as verdediging van die Christendom diens sal doen.[14] Kenmerkend van hul verdediging is o.a. die woorde van Tertullianus: „Ons is inderdaad vyande, maar nie van die menslike geslag nie, veelmeer van die menslike dwaling". Welgemik is sy woorde „nullum criminis nomen extat, nisi nominis crimen est" (Ad Nat. I, 3, aangehaal deur N. J. Hommes in Cultuurgeschiedenis v.h. Christendom). Daar is geen enkele aanduiding van 'n misdaad in die vonnisse nie, tensy dat die naam 'n misdaad is. M.a.w. die Christen word nie as misdadiger veroordeel nie, maar omdat hy 'n Christen is.

In 'n Romeinse kultuur-milieu moes die Christendom homself handhaaf. Die wetenskaplikes het dieselfde houding gehad as die trotse Romeinse soldaat. . Dit was 'n élite-beskawing en die skole was slegs vir die élite-minderheid wat die tyd en die geld gehad het. Geleerdheid en veral welsprekendheid is deur rondlopende leermeesters uitgestal. Die ongeloofs-skeptisisme van die Epikureërs was eintlik verby en die Stoa het pan-en-teïsties die mens gesien as deel van die goddelike Logos. Teenoor hulle wat Paulus op die Areopagus toegeroep het „Wat sou hierdie praatjiesmaker (of liewer ‚korreltjiepikker') tog wil sê?" (Hand. 17: 18) sou die Christendom kom stel die gelykwaardigheid van alle mense voor God.

Die Apologete het hulle in verweer gestel, nie alleen vir die geloofswaarhede nie, maar ook vir 'n geloofslewe. By 'n konflik tussen die Christelike en antieke moraal, as Christene bv. die heidense spele besoek, die skouspele, teater, swaardgevegte, en sodanige besoek probeer goedpraat, dan hoor ons in Tertullianus se De Spectaculis: „Gee ag, Christene, hoeveel onreine wesens van die circus besit geneem het. Met 'n religie wat deur soveel duiwelse geeste beheers word, het julle niks te make nie" (Cultuurgesch. v.h. Chr. 25).

Tog gaan dit stellig nie net oor die aanvalle teen die lewens van Christene nie, ook nie net om die praktyk van die godsaligheid nie, maar ook om kennelike beginsels. As Tertullianus skrywe „Caesar behoort meer aan ons as aan u, want hy is deur onse God in sy amp geplaas"

14. Geref. Dogm. I, 473.

(a.w. 27), gee hy hier 'n uitspraak oor dogma. Hy formuleer geen dogma nie, maar uitgaande van 'n bekende dogma in die Christelike kerk, pas hy dit toe op 'n bepaalde geval, waardeur getoon word dat so'n leerstelling in die praktyk uitgeleef word.

Dit sou ons te ver voer om die apologieë teen Celsus ook weer te gee wat die Christendom beskou het as 'n siekte en 'n opstand met Christus as leier van die opstandelinge. Die geskrifte van Origines gee ons verrassende insigte in die metodes wat gebruik is en wat nog altyd bruikbaar is.

Ons wil hier van een van sodanige metodes uit hierdie apologetetydperk melding maak. Porphyrius, 'n leerling van Plotinus was eintlik die vader van die skrifkritiek, veral van inlegkunde. In die jaar 405 waarsku Augustinus sy ewe beroemde tydgenoot Hieronymus dat sy eksegese van Gal. 2: 11 as sou Paulus slegs in skyn Petrus berisp het, aan Porphyriusvolgelinge 'n gevaarlike wapen in die hand gee om die Christene nog giftiger aan te val.

Saamvattend kan ons van hierdie tydperk, wat sekerlik veel meer intensief deur die Apologetiek bestudeer moet word, sê dat die vernaamste dogmas wat deur Justinus Martyr, Origines, Eusebius e.d.m. gestel is teenoor die indringende heidendom en teenoor die aanvalle van buite, is die ware God, die deugdelike lewe, die ewige loon en ewige straf. Hulle wyse van optrede was nie die van twyfel, neutraliteit nie, maar van onwankelbare oortuiging en eintlik iets van 'n geestelike meerderwaardigheid.

Ons wil hierdie historiese gedeelte uit die tweede eeu afsluit deur te verwys na 'n konklusie wat Bavinck trek uit 'n metode wat die Apologete toegepas het. Bavinck sê dat die Apologete, sonder om die wesenlike onderskeid tussen die Christendom en die ander godsdienste enigsins in gevaar te bring, sonder eklektisisties of sinkretisties oor te neem wat wesensvreemd is, „alwat er aan zuiveren godsdienst, ware leer of reine zedelijkheid bij de Heidenen, met name in de Grieksche philosophie, nog voorkomt", aan die openbaring ontleen het en dit behoort dus eintlik aan die Christendom.[15] Hulle uitgangspunt was dus dat die Skrif gemeenskaplike bron was van wysheid, want dit was 'n tweede Boek van God wat aan die eerste Boek van die natuur toegevoeg is. Op die wyse is die besondere openbaring en die algemene openbaring ten nouste verbind.

15. Bavinck: Geref. Dogm. I, 475,

Die groot vraag wat ons nou moet beantwoord is: het ons altyd met apologetiek te doen, wanneer ons te doen het met 'n apologia, 'n verdediging teenoor 'n aanval?

Myns insiens is dit juis hier waar ons die onderskeid moet soek tussen die wetenskaplike Apologetiek en die kunsteorie van die Apologetiek nl. die apologie en/of die elenktiek, en/of polemiek.

Soos bekend, het Kuyper hierdie onderskeiding gemaak in sy Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid, nl. Polemiek as ons te doen het met 'n verskil in eie boesem, en dit is 'n betoog ter wille van die waarheid teen 'n dwaling; die Elenktiek is die antitese teen die pseudo-religieë en die Apologetiek die antitese teen die pseudo-filosofie.

Kuyper het tussen Polemiek en Elenktiek 'n nuttigheidsgrens getrek wat die gebruik van die twee benaminge betref en die twee kon maar net sowel omgeruil word.

Bavinck is ietwat duideliker in sy begrensing. In sy bepaling van die verhouding tussen Dogmatiek en Apologetiek stel hy hom teen Schleiermacher wat in die Apologetiek 'n soort Fundamentaldogmatik gesien het wat die Dogmatiek filosofies wou grond. As Teologie 'n selfstandige wetenskap is, moet hy immers sy eie principia hê en dit nie ontleen aan enige filosofiese bemoeienis nie. Daarom moet die Apologetiek op die Dogmatiek volg.

Die Apologetiek het dan die heerlike taak om hierdie dogma teenoor alle bestrydinge te handhaaf en te verdedig. Hierdie verdediging geskied sowel deur apologie wat allengs tot Apologetiek sig verhef as dit 'n meer wetenskaplike karakter aanneem. (Geref. Dogm. I, 33).

Hepp kant hom duidelik teen die standpunt dat Apologetiek die kunsleer van die apologie sou wees en beskou die apologie as die voedingsbodem vir die Apologetiek. Tog sou dit te veel gesê wees as ons die Apologetiek sou beskou as die samevoeging van alle apologieë. Hepp stel dit m.i. tereg dat ons verskillende vorme van apologieë kan kry vir die verskillende vakwetenskappe, soms wetenskaplike apologieë, soms ook wel vol bytende sarkasme. Apologieë verkry ons van beginsels en van persone. „Het terrein, waarop ze zich beweegt, mag niet tot het theologische of religieuse beperkt, maar de grenzen daarvan vallen slechts samen met die van het menschelijke leven. Ze kan betrekking hebben op een juridisch, een biologisch, een psychologisch, een paedagogisch geschilpunt. Steeds dankt zij haar ontstaan aan een aktueele kwestie, aan een bijzondere gelegenheid . . . . . De Apologetiek daarentegen is een

zelfstandig vak van wetenschap . . . . . Ze richt zich . . . . . tegen beginselen . . . . . die de kern van het leven, de verhouding van den mensch tot God raken. Vandaar dat zij zich een plaats ziet aangewezen in de wetenschap, die de bijzondere Godsopenbaring tot objekt heeft: de theologie.[16]

Bavinck sê ook dat die Apologetiek 'n deur en deur teologiese wetenskap is, wat die geloof en die Dogmatiek veronderstel en nou die dogma handhaaf en verdedig.[17]

Dit is goed om daarop te let dat die woord apologie 'n paar keer in die Skrif voorkom, nie as wetenskaplike apologetiek nie, maar as voorwetenskaplike verdediging. Dit is ook goed om duidelik te stel dat die apologia van Paulus in Hand. 22: 1 eintlik geen verdediging was nie (Die State-Vertaling vertaal hier „verantwoording"), want Paulus spreek oor sy bekering. Hierdie apologie staan veeleer in die teken van aanval as verdediging, wat blyk uit die skerp reaksie daarteen in die uitroepe van vs. 22 „Weg van die aarde met so'n mens, want hy behoort nie te lewe nie". Wat voorts opval is dat apologia gebruik word ook as verantwoording (1 Kor. 9: 3) en dat die apostel Paulus homself noem as een wat bestem is tot verdediging van die evangelie (Fil. 1: 17). As die apostel hierdie woorde gebruik soek hy daarmee 'n aanknopingspunt om met verdere kontakte te onderhandel met evangelisasie as doel. Wat is Paulus se Areopagusrede anders as 'n inval in die heidense gedagtelewe waarin die Christendom eksklusief gestel word? Dit is wel seker geen verdediging in die sin dat Paulus terugval op 'n laaste vesting, op vaste dogmatiese leerstellings nie. Veeleer verkry ons hier die teenoorgestelde, nl. dat die evangelie in sy volle krag optrek teen die vastighede, die afgodiese vestings van die Griekse beskawing—en 'n mens sien hulle wankel.

Gee dit nie aan ons 'n verdere leidraad vir 'n nadere bepaling van die taak van die Apologetiek nie?

Inmiddels skyn dit asof iets van 'n spraakverwarring dreig in Gereformeerde kringe in verband met die taak en terrein van hierdie verskillende wetenskappe of dissiplines. Stoker spreek a la Kuyper maar maak alleen gebruik van die terminologie om dit dan verder uit te brei. Vir hom is daar 'n wetenskap—hy noem dit dissipline—met die naam van Antitetiek, wat die oorsprong, aard, soort en geldigheid van gestelde

16. Hepp: Gereformeerde Apologetiek, p. 28.
17. Geref. Dogm. I, 481.

antiteses ondersoek. Hierdie wetenskap val dan uiteen in algemene en spesiale Antitetiek. Onder die Antitetiek resorteer dan ons bekende teologiese wetenskappe: Polemiek, Elenktiek en Apologetiek. Die terrein van hierdie wetenskappe word min of meer soos Kuyper bepaal, hoewel daar kleinere afwykings is, bv. dat die Elenktiek 'n aanvalsstryd en die Apologetiek 'n verdedigingsstryd teen wetenskaplikes van dieselfde wetenskap, maar wat op 'n ander grondslag staan.

Hieruit blyk dat Polemiek, Elenktiek en Apologetiek nie deur en deur teologiese wetenskappe is nie, maar dat elke wetenskap sy eie antitetiek moet opbou (Standpunte Nr. 9, p. 61 v.)

Vir prof. C. van Til staan die posisie eintlik so dat die Apologetiek tot 'n groot mate opgaan in die Polemiek en Elenktiek. Dit is moeilik om uit gepubliseerde werke behoorlik reg te laat geskied aan sy standpunt. In sy werk The New Modernism, waarin hy 'n striemende kritiek gee op die Dialektiese teologie van Barth en Brunner, sê Van Til: „Our purpose then is frankly polemical", hoewel hy van mening is dat die Dialektiese teologie „sides with modernism". In 'n later gepubliseerde opstel in **Wetenschappelijke Bijdragen** deur leerlinge van dr. Vollenhoven beoog hy, wat die Apologetiek betref, eersterangse voorvereistes vir 'n volbloedwetenskap, hoewel dit nie duidelik is of die Apologetiek slegs 'n teologiese of ook 'n filosofiese wetenskap moet wees nie. Die waarde van prof. Vollenhoven se bydrae skets hy in hierdie woorde: „Reformed apologetes need a fully selfconscious philosophy of man, a fully selfconscious philosophy of method and a fully selfconscious philosophy of fact" (p. 68). Later in dieselfde opstel konstateer hy: „A reformed apologetics needs both a reformed theology and a reformed philosophy for its background". (p. 69). Dit is versigtige woorde, want agtergrond is nog nie voedingsbodem nie, is nie 'n sine qua non vir die wetenskap nie. Die onomlynde en vae uitinge laat 'n mens steeds gis na wat in die Verenigde State, die land wat soveel aan Apologetiek doen, die eintlike taak en roeping van hierdie wetenskap is.

Ons sou hierdie gedeelte kon afsluit met 'n kort skets van die Apologetiek as wetenskap met eie metodes, eie sisteem, taak en doel. Ook hier gaan dit om die waarheid wat duidelik gesien moet word om verdedig te kan word. Ons het hier 'n wetenskap met 'n antitetiese karakter, maar dan sekerlik met sowel 'n sistematiese as 'n praktiese deel. Hierdie praktiese deel mag ons die kunsteorie noem wat gewoonlik skriftelik of mondeling in die polemiek en apologie gevoer word.

Die sistematiese deel van die Apologetiek sou ons kan omskryf deur te bepaal dat hy goed kennis moet neem van die wetenskappe Dogmatiek en Etiek; dat hy verder geskoold moet wees in die rigtinge van die wysbegeerte soos die in strominge en verwante rigtinge uiteenvloei, dat hy met profetiese blik moet beoordeel welke nuwe rigtinge in die naaste toekoms verwag moet word wat skadelik of bevorderlik kan wees vir die geloofsbelydenis van die kerk. Inderdaad is dit die geval dat die toekomsblik 'n eiendomlike taak van die Apologetiek moet wees, en dit wel in tweërlei opsig: (a) in die besef dat in alle wetenskappe is daar altyd progressie en niks is ooit tot 'n einde gekom omdat die wetenswaardige afgedaan is nie; (b) is nie tevrede om post mortem te hou by die dooie liggaam van 'n vernielde dogma nie of nabetragting te hou oor iets wat verhoed kon gewees het nie, maar deur die gevaar van veraf te ruik, kon die mure van Jerusalem tydig in 'n toestand van onneembare verweer gebring gewees het. Dan moet tydig die swak plekke raakgesien word en die teologiese wetenskappe moet geïnspireer word om deur besinning en navorsing hier tydig aandag aan te verleen; dan moet die speerpunt van die aanval gesien word en verwag word deur 'n studie van filosofiese neigings. Hierdie filosofiese rigtings het al magtige invloed laat uitgaan op dogmatiese skole. Het kort gelede die eksistensialisme nie Barth gepopulariseer nie? 'n Nugtere apologetiek kon dit verwag het en toebereidings gemaak het, kon 'n nuwe geboorte op teologiese gebied verwag het en voorlopig aangekondig het. Het Kuyper Snr. nie „Ex ungue leonem" uitgeroep as profetiese aankondiging nie? Juis omdat die Apologetiek die dekkende doel het, moet hy in sy sistematiek nie homself beperk tot die teologiese dissiplines nie, maar—en dan veral—ook tot die filosofiese. Dit word dan wel in hierdie sin bedoel dat die wysbegeerte die kosmos as totaliteit ondersoek. Elke vakwetenskap het dan ook sy filosofiese deel. As die Apologetiek sy taak tot volkomenheid wou bring, sou hy in die wysgerige tendense van elke vakwetenskap ingaan om daar al die bedreiginge raak te sien en teologiese konklusies te trek.

Tegelyk sou 'n sistematiese apologetiese struktuur, wat nie eie is aan die Dogmatiek nie omdat Dogmatiek geen wysbegeerte is nie en ook nie raseg filosofies nie (omdat die filosofie nie oor God mag spekuleer nie), elkeen kan oortuig van hierdie wetenskap se grootse roeping. Ek wil hier as my oortuiging uitspreek dat dit wat eintlik deurgegee is as apologetiek eintlik nog nie verder gevorder het as polemiek en apologie nie. Die werke van Van Til is duidelik polemies. In Nederland vind ons talle sodanige polemiese publikasies. Die beste apologetiese studies vind ons

nog in sommige tydskrifartikels, waarin vanuit vaste principia 'n sistematiese aandurf gevind word.

Daar is dus 'n geleidelike kentering tot rasegte Apologetiek en ons kan met dankbaarheid noem 'n paar duidelike flitse. Oor die **Kerk** in sy verskillende openbaringe is die laaste woord nog lank nie gesê nie. Tog is elke gedagte wat positief hieraan gewy word nie tevergeefs nie. Uiteindelik sal helderheid die deel wees van die ernstige navorser.

Nog steeds word oor die **geloof** gespreek: oor sy aard, struktuur en waarde vir die wetenskappe. Stoker nooi die teoloë eintlik uit—of moet ons sê „daag" uit—om met hom saam te gesels oor die verskillende openbarings van die **geloof** en wat eintlik sentreer in die religieuse apriori. Die pistiese funksie van die afvallige en van die Godvresende is funksioneel gesien dieselfde, besit dieselfde eienskappe, is apriories, kinderlik, vertrouend, totalitêr. Al verskil wat hier gevind kan word is dat die God op wie die geloof gerig is nie dieselfde is nie.

Maar dit gee dan ook aan ons die verrassende: apologeties het ons oor dié kern, waaromheen alles sentreer, die ware apriori, 'n sistematiese uiteensetting vir die Apologetiek. Ek verwys hier na dit wat wysgerig en teologies gesamentlik gevind is oor die verskillende Godsbegrippe. Hier het ons inderdaad 'n wandeling deur alle vakwetenskappe en dan 'n besonder skerp onderskeiding. Vir die Apologetiek is die onderskeiding van Vollenhoven en daarna nog verskerp deur Stoker van deurslaggewende betekenis en 'n voorbeeld van wat in die sistematiek van die Apologetiek gedoen kan en moet word. 'n Mens sou durf beweer dat 'n aanval op die Godsbegrip van die Christendom nie maklik moontlik sal wees nie, omdat elke godsbegrip gereduseer kan word tot een van die volgende: Word die verhoudinng van God tot kosmos **monisties** gesien, kan ons kom tot 'n positiewe bepaling en verkry ons **panteïsme** en **pankosmisme**. Sou ons monisties negatief dit wil bepaal, moet ons **ateïsme** en **akosmisme** verkry.

Word die verhouding van God tot kosmos **dualisties** gesien, kan twee denkrigtinge verwag word: **teïsme** en **deïsme.**

Die **sintese-beskouinge** tussen die twee uiterstes van monisme en dualisme het altyd die kenmerk dat hulle óf neig na die monisme óf na die dualisme. Neig hulle na die monisme, dan het ons die twee sisteme **pan-en-teïsme** en **pan-en-kosmisme.** Is die oorhelling na die kant van die dualisme, het ons die twee sisteme **parsiële teïsme** en **parsiële kosmisme.**

As dit waar is dat hierdie genoemde sisteem 'n stuk apologetiek is van die eerste orde, een wat getuig dat die wetenskaplike apologetiek besig is om sy stadium van polemiek en apologie te ontgroei en werklik wetenskaplike apologetiek te word, dan is dit hartverblydend. Dan sou dit 'n nuwe stimulus wees vir navorsers.

Tot dusver moes die stryd ter verdediging gevoer word met filosofiese of dogmatiese wapens. Sou dit nou moontlik wees dat die verdediging in die toekoms met apologetiese wapens gevoer kan word?

Ek stel hierdie vraag na aanleidinng van prof. Hepp se stellings in sy Gereformeerde Apologetiek (pp. 34, 5). Hy betoog dat daar maar twee moontlikhede is: die Gereformeerde dogma in die filosofie te vertaal of die filosofiese beginsels in die teologie te vertaal. Dit is vir hom duidelik dat op die wyse die Apologetiek en die Teologie belastingpligtig aan die Filosofie gemaak sal word. Die juiste weg wat hy voorstaan is dat die Apologetiek in die verdediging alles moet oorbring na die teologiese gebied, waar hy volkome tuis is. As die Apologetiek sy eie sisteem ontwikkel soos hy nou besig is; as hy nie maar slegs dogmaties maar ook filosofies; as hy nie slegs filosofies maar ook dogmaties sy eie sisteem daarstel, sal hy 'n teologiese wetenskap van die hoogste rang wees. Vir die polemiek en apologie sal daar 'n wetenskaplike voedingsbodem wees waarmee wins gedoen kan word. Het H. Bavinck dan nie uitgeroep: sê my wat jou opvatting oor God is, en ek sal jou wetenskaplike opvattings en uiteensettings aan jou profeteer.

As ons kortliks handel oor enkele metodes wat in hierdie wetenskap toegepas word, moet ons ons beperk tot daardie metodes wat bykans net eie aan hom is. Hier moet ook wel onderskei word tussen die metodes wat die polemiek en apologie sal toepas. As Hepp beweer[18] dat alleen die defensiewe metode hier diensbaar kan wees, dan is dit vanweë 'n eensydige bepaling dat die Apologetiek eintlik in sy antitetiek opgaan. Vir die polemiese toepassing kan hierby genoem word die metode wat dr. Herman Bavinck so met vrug toegepas het, nl. die van deurvoer tot konsekwensie. Dit vereis eerlike weergawe van die teenstander se standpunt, slegs duidelik en skerp geformuleer sodat dit afgebaken staan. Hierop voortbouend word die graadsverskille aangewys, logiese gevolgtrekkings getrek en 'n logiese eindpunt wat onontwykbaar is, aangewys.

Voorts sou genoem kan word die majeutiese of Sokratiese metode of metode van die vroedvrou. Deur vraag en antwoord het Sokrates

18. a.w., p. 38.

gedagtes tot geboorte laat kom en iemand word eintlik gevoer tot 'n konklusie.

Hierby aanpassend sou ons kon noem die genetiese metode, waar kragtens die gelykenis en verskillende ooreenkomstrekke tot die vaderskap besluit word. Sekere duidelike opvattinge van sonde bv. as krankheid, swakheid, gevolg van verkeerde invloede, kan tog maklik gereduseer word tot die Remonstrantisme of Pelagianisme.

Vir die Apologetiek in sy sisteemvorming mag ons alle erkende wetenskaplike metodes gebruik, die metode van vergelyking, van deduksie en induksie. As ons egter mag wys op 'n tipies-eie metode, wil ons hier noem die metode wat gebou is op die leerstuk van die gemene grasie. Die Apologete het aan die begin van ons Christelike jaartelling 'n uitgangspunt gehad wat ook in die heidense wêreld veel waars, goeds en skoons gevind het. Hulle het dit toegeskryf aan die inwerking van die Logos wat die gees verlig of dat Christus gemeenskaplike eiendom was, universeel eie aan die ganse wêreld. Die Apologete het ook in die besondere openbaring 'n aansluitingspunt gevind, want die Skrif, so het hulle betoog, is 'n tweede Boek wat aan die eerste boek van die natuur toegevoeg is.

Bavinck lei hieruit af dat dit wat waar, goed en skoon is, dit wat in die godsdiens suiwer is, die waarheidsmomente in die leer of reinheid in die sedes, dinge is wat eintlik vreemd is aan die heidense leer, beginsel en godsdiens. Die Apologete, so oordeel Bavinck, wou alleen bewys dat sodanige dinge eintlik aan die Christendom toebehoort en hul bewysgrond was dat die heidendom dit aan die openbaring ontleen het.

Dit sal alleen 'n logiese konklusie wees dat dit die taak sal wees van die Apologetiek om hierdie wesensvreemde elemente aan die heidense strominge uit hul samehang los te maak, af te koppel—en dan weer tuis te bring in die regte verband en samehang. Dan sou op die wyse ten minste „één drangrede weg wees van die slap ireniese houding: godsdiens is godsdiens, kerk is kerk, teologie is teologie, wetenskap is wetenskap. Dit is juis hierdie houding wat die dood is van alle eksklusiewe standpunte, wat alle deure van die relatiwisme laat oopstaan, wat die skerpte van visie en onderskeiding laat verslap, in toewyding aan ons geestelike taak laat twyfel, in ons godsdienstige lewe tot afval, verval en aftakeling laat kom".[19]

19. Bavinck: Geref. Dogm. I, p. 475.

Stoker noem hierdie selfde metode die **eksheretiese.** Hy onderskei dit duidelik van die eklektisistiese, wat willekeurig en sonder 'n aprioriese eenheidsgrondslag waarheidsmomente saamplaas. Die eksheretiese metode wikkel die waarheidsmomente los uit die sisteemweefsels waarin hulle nie pas nie en toets hulle opnuut aan die betrokke gegewens, voordat hulle in die eie sisteem ingepas word. Dus: eers 'n eie wetenskapsgebou en daarna kan eiesoortige waarheidsmomente in die ander stelsels raakgesien, aan die eie getoets en oorgeneem word. Die eksheretiese metode is dus 'n sekundêre metode wat nie in die eie sisteemvorming benut word nie, maar wel in die uitbouing van die sisteem.

Op grond van hierdie metode kan 'n paar konklusies getrek word. Die eerste is wel duidelik dat die Calvinisme 'n oop sisteem het en eintlik moet dit benadruk word, nie slegs vir die Apologetiek nie.. Die waarheidsmomente lê verspreid. Ook ons eie insigte is brokstukwaarhede. Die meeste wat ons kan beweer is dat ons in alle erns die waarheid najaag, mits ons maar net nie die eenheid van die sisteem inboet nie. Nie die waarheidagtige, maar die waarhed self moet ons aanvaar. 'n Tweede konklusie is dat ons wil aanvaar dat in alle sisteme waarheidsmomente is en kan wees. Die vraag is alleen in hoever die waarheidsmomente eie is aan die sisteem waar ons hulle vind. Al te dikwels blyk dit dat sodanige brokstukwaarhede soos 'n verdwaalde, indien nie soos 'n banneling, vertoef in die vreemde.

En so staan die Apologetiek temidde van baie gevare.. Dit beweeg temidde van baie wetenskappe, besonderlik die wysgerige deel van alle vakwetenskappe, nie net om daar standpunt teenoor standpunt te stel nie, maar selfs die saad van die goeie uit te sif en soos diamante tuis te bring.

Vir hierdie wetenskap lê daar nog 'n geweldige bouwerk voor. Die versoeking was te groot om maar met die polemiek te begin of met die apologie. Elke vakwetenskap het sy apologie en polemiek. As elke vakwetenskap sy eie Antitetiek, soos Stoker wil, uitbou, sou dit verwelkom word. Slegs die Teologie het sy Apologetiek en in die kring van Teologiese wetenskappe wag daar die realisering van 'n rasegte Apologetiek op fondamente reeds gelê, flitse reeds gegee. Sy taak is groot; dit sal al groter word. Hoe meer die tye voortgaan, hoe meer verward sal die dae word. Die afval kom—die valse profeet, wat groot dinge van Godslastering sal spreek. Mag ook hierdie wetenskap van ons aan ons Universiteit en Teol. Skool uitgebou word om sy eie taak te vervul ter ere Gods.

Eerw. Brs. Kuratore, en Eerw. Brs. lede van die Kieskollege van die Gereformeerde Kerk, vergun my om u hartlik te dank vir die vertroue in my gestel deur my te verkies tot hierdie eervolle amp in ons kerk, om aan die Teologiese Skool werksaam te wees. Ook die wetenskappe aan my opgedra het nog altyd die liefde van my hart gehad. Ek kan niks anders doen nie as smeek dat die Here my as Sy dienskneg wil gebruik. Dan weet ek sal ek hierdie amp nie onwaardig wees nie.

Ek moet hier vermeld dat ek geroep is om my vriend en kollega wyle dr. B. J. de Klerk op te volg. Die Here het hom vir 'n wyle aan die Teol. Skool geleen en hom toe in heerlikheid opgeneem. Sy nagedagtenis tot eer wil ek vermeld dat ons samesyn alhier uiters aangenaam was en dat ek in hom 'n ware dienskneg van die Here geken het, wat nie homself gesoek het nie, maar dienswillige dienskneg was.

Hooggeagte Rektore van die Teol. Skool en van die P.U. vir C.H.O.: op my samewerking kan u reken, ook in die mooi kontraktuele verband wat daar bestaan tussen die twee inrigtings. Mag die band wedersyds versterk word en mag die feit dat die Teol. Proff. ewe-eens Proff. aan die P.U. is, in 'n groot mate die historiese verhouding bestendig en verstewig.

Geagte Professore van die Teol. Skool: Met u moet daar die nouste samewerking wees. Ons kleine vyftal beklee 'n magtige vertrouensposisie in die Gereformeerde Kerkverband. Dat 'n hele kerk eintlik sy toekoms, waar dit geld opleiding van Bedienaars van die Woord, aan ons paar kan opdra, vervul ons met kinderlike ootmoed. Die verantwoordelikheid word enigsins in sy gewig getemper deur die feit dat die Kuratorium ons soos 'n vader ter syde staan en dat die Teologiese Senaat bystand verleen. Ons voortdurende gebed sal wees dat Gods hulp ons aller deel mag bly. Alleen dan sal die poorte van die doderyk die kerk nie oorweldig nie.

Geagte Professore en Lektore van die P.U. vir C.H.O. Ook met u wil ek die nouste betrekkinge handhaaf en dank u reeds noual dat u my opgeneem het as een van u. Mag ons op die Senaat en waar ons werk ons saamroep, die vreugde van samewerking geniet.

Geagte Dames en Here, lede van die administratiewe personeel van die Teol. Skool en P.U.: ek dank u vir u vriendelike hulpvaardigheid, ook as u geduld dikwels ooreis word. Hoe weining besef ons dikwels dat ons mekaar se laste kan vereenvoudig met 'n bietjie tegemoetkomendheid.

Geagte Dames en Here studente, om met U saam te werk en so ook die wetenskap te dien, vervul my met dankbare gedagtes. Maar, veral aan U wat Teologie neem met die doel om later as predikante ons Gereformeerde kerke te dien, aan U wil ek my besonder rig en U vra om u vertroue en ook my in u vertroue te neem. Dit is nodig, en dit des te meer waar geestelike probleme u seker ook sal benou en die hantering van ander se probleme u aandag ook noual verg.

Dames en Here: ek dank U vir u aandag.

---

## GERAADPLEEGDE WERKE.


Bavinck H: Gereformeerde Dogmatiek[4].

Bavinck H.: Verzamelde Opstellen.

Berkouwer G. C.: Dogmatische Studiën.

Bruce A. B.: Apologetics.

Dooyeweerd H.: Wysbegeerte der Wetsidee.

Dooyeweerd H.: Reformatie en Scholastiek in de Wysbegeerte.

Kraan K. J.: Een christelijk confrontatie met Marx, Lenin en Stalin.

Kurtz J. H.: Leerboek der Kerkgeschiedenis.

Loofs F.: Handboek der Dogmengeschiedenis.

Kuyper A.: Encyclopaedie der H. Godgeleerdh.

Hepp V.: Gereformeerde Apologetiek.

Orr James: The progress of Dogma.

Polman A. D. R.: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis.

Popma K. J.: De plaats der Theologie.

Seeberg R: Lehrbuch der Dogmengeschichte.

Schubart Walter: De komende Europeesche mensch.

Van Til C.: The New Modernism.

Van Til C.: Artikel in versamelwerk „Dr. D. H. Th. Vollenhoven".

Vollenhoven: Geschiedenis der Wysbegeerte.

Versamelwerke: Cultuurgeschiedenis van het Christendom.; Calcinism in times of crisis; Eenheid in veelheid.

Tydskrifte: Koers, Standpunte.